Redaksioneel

Marius Swart en Marni Bonthuys

Hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans (TNA)*, nommer 2 van die 31ste jaargang, bevat uiteenlopende bydraes. Verskillende perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans asook Suid-Afrika as Nederlandse kolonie word vermeld, wat tot interessante akademiese gesprek kan lei. Ook word lig gewerp op die werk van skrywers soos Ingrid Winterbach en Rachelle Greeff. Resensies oor onlangse akademiese bronne wat handel oor oorkoepelende sowel as heel spesifieke aspekte van die gedeelde Nederlandse en/of Afrikaanse literatuurgeskiedenis word voorts ingesluit.

Die uitgawe se eerste bydrae is **Earl Basson** se kontekstuele evaluasie van Afrikaanstaalhandboeke ten opsigte van die demokratisering van Afrikaans. Basson ondersoek onder meer die insluiting van variëteite van Afrikaans in geselekteerde Afrikaanstaalhandboeke.

Burgert Senekal se artikel is meer histories van aard en ondersoek die magsbalans tussen die Nederlandse State-Generaal en die Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) tydens die stigting en administrasie van die Kaap de Goede Hoop tussen 1652 en 1795.

Bibi Burger se bydrae handel oor Ingrid Winterbach se roman *Voorouer. Pelgrim. Berg.* (2021) en fokus op narratiewe konstrukte soos plot, perspektief en beweging in die teks.

Genderkwessies word aan die hand van Judith Butler se genderteorie deur **Zel-Marí Gelderblom** en **Marius Crous** in geselekteerde verhale van Rachelle Greeff ondersoek. Soos hulle argumenteer, kan Greeff se kortverhale uit die vroeë negentigs nuut bekyk word aan die hand van Butler se teorieë.

Naas hierdie akademiese artikels bevat dié uitgawe van *TNA* ook ’n essay deur **Gerrit Schutte** en resensies deur **Heilna du Plooy** en **Luan Staphorst**. Schutte se essay ondersoek die perspektief van die opvoedkundige dr. N. Mansvelt ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaans in die laat 1800’s en vroeë 1900’s. Du Plooy se resensie handel oor die lang verwagte nuwe literatuurgeskiedenis, *Geen land voor dromen*, deur twee Nederlandse navorsers bekend vir hulle werk oor Suid-Afrika en Afrikaans, naamlik Eep Francken en Olf Praamstra. Staphorst bespreek nog ’n welbekende Nederlandstalige letterkundige in Afrikaanse kringe, die Belg Yves T’Sjoen, se boek *Breyvier: Over taal, burgerschap en Breytenbach*.

Weereens spreek ons graag dank uit aan ons uitlegkunstenaar, Christa van Zyl, en hierdie uitgawe se proefleser, Anzette Williams.

Universiteit van Wes-Kaapland en Stellenbosch Universiteit